Februarie 2012

Geagte Ouers / Voogde

Conquesta 2012 meervoudige keusevrae olimpiades – Graad 4, 5, 6 & 7

U kind, wat tans een van die leerders in ons skool is, word genooi om deel te neem aan Conquesta 2012 Olimpiades vir laerskole. Alle leerders behoort aangemoedig te word tot deelname; ongeag akademiese vermoëns. Vraestelle is ontwerp om leerders aan te moedig en te ondersteun sodat hulle hul deelname kan geniet. Die beskikbare vakke word in formaat van meervoudige keusevrae aangebied.

Leerlinge kan aan einige aantal van die Olimpiades deelneem. Olimpiades word by die skool geskryf onder die toesig van die skool se opvoeders. Vier-termyn skole skryf 13 – 21 Augustus 2012.
Drie-termyn skole skryf 11 – 19 September 2012.

85%	-	100%	Platinum
76%	-	84%	Diamant
70%	-	75%	Goud
60%	-	69%	Silwer
50%	-	59%	Brons
0%	-	49%	Koper

Neem asseblief kennis dat **elke** leerder wat deelneem erkenning sal ontvang by wyse van 'n pragtige kleur gedrukte sertifikaat volgens sy eie prestasie soos langsaan uiteengesit:-
Alle leerders wat tussen 50% en 100% in enige vak behaal, se persentasie sal op sy/haar sertifikaat verskyn langs die vak waarin dit behaal is, bv.

Wiskunde : Diamant (79%) of Wiskunde : Koper

Tesame met die sertifikate sal die skool ook 'n alfabetiese lys van die deelnemende leerders en hulle grade (tesame met hulle punte behaal) ontvang, indien hulle dit wil hou vir hulle rekords.

Aangesien alle leerders nie akademies ewe sterk is nie, bied Conquesta hulle die geleentheid om te presteer volgens eie vermoë en erkenning daarvoor, hoe gering ook al, te ontvang. Dit word voorgestel dat sertifikate ook by die skool se prysuitdelings oorhandig word. Ongeag uitslae ontvang elke leerder 'n sertifikaat vanaf Conquesta in erkening van sy/haar deelname.

Voltooi asseblief die onderstaande vorm indien u belangstel om u kind aan Conquesta 2012 te laat deelneem. Stuur dit terug aan die skool **in 'n koevert** wat duidelik gemerk is "CONQUESTA INSKRYWING" tesame met die inskrywingsgeld.

U kan vorige vraestelle, as hersieningsoefening benut. Bestel dit van webtuiste: www.conquestapastpapers.com of kontak Conquesta per telefoon: (031) 764-5059 / 764-1972; faks: (031) 764-0074 / (086) 637-7808; of e:pos: conquest@iafrica.com ten einde hulle in staat te stel om 'n bestelvorm aan u te faks, e-pos of te pos - Dui asseblief aan vir watter graad u die vraestelle benodig sodat Conquesta die korrekte bestelvorm aan u kan stuur. Die vorm en webtuiste bevat al die nodige inligting rakende die ou vraestelle wat Conquesta beskikbaar het vir hersieningsdoeleindes. Vorige vraestelle is beskikbaar teen R22,00, saam met 'n hanteringsfooi van R35,00 per onbeperkte bestelling, en sluit blanko antwoordblaaie asook antwoordmemorandums in.

Ons wil u graag aanmoedig om hierdie opwindende geleentheid tot die voordeel van u kind te benut.

.....
DIE SKOOLHOOF

Conquesta 2012 Inskrywings vir Graad 4-7 – Afskeurstrokie

Hierdie afskeurstrokie tesame met die inskrywingsfooie moet DRINGEND aan die skool terugbesorg word aangesien daar 'n keerdatum is. Laat inskrywings word nie toegelaat nie.

Volle Naam: ..... Graad: .....

Merk die vakke wat u kies met / in die blokkies. Voltooi ook die 'bedragkolom'.

			Bedrag
Wiskunde 1 *(Hoër Graad)*		@ R10,00	.....
English Language 1 *(Eerste Taal)*		@ R10,00	.....
Afrikaans Taal 1 *(Eerste Taal)*		@ R10,00	.....
Sosiale Wetenskappe *(Gesk. & Aardryksk.)*		@ R10,00	.....
** Arts & Culture *(net in Engels beskikbaar)*		@ R10,00	.....
Lewensvaardighede		@ R10,00	.....
Natuurwetenskappe *(Biologie & Wetenskap)*		@ R10,00	.....
** Bible Study *(net in Engels beskikbaar)*		@ R10,00	.....
** General Knowledge *(net in Engels beskikbaar)*		@ R10,00	.....
** EMS *(net in Engels beskikbaar)* ***Net graad 7 leerders***		@ R10,00	.....
Wiskunde 2 *(Standaard Graad)*		@ R10,00	.....
English Language 2 *(Tweede Taal)*		@ R10,00	.....
Afrikaans Taal 2 *(Tweede Taal)*		@ R10,00	.....
Plus die vereiste inskrywingsfooi:			R 10,00
Totale bedrag ingesluit			R

Leerders kan vir een of meer olimpiades inskryf.

Voorbeeld:-
Sou u kind dus vir 4 vakke inskryf, sal hy/sy R50,00 moet betaal:-

4 X R10,00 = R40,00
+ R10,00
= **R50,00**

** Sedert 2009 is sekere vakke se vraestelle slegs in Engels beskikbaar, maar die vraestelle wat voor 2009 in hierdie betrokke vakke opgestel is, sal steeds in Afrikaans beskikbaar wees as vorige vraestelle vir gebruik in die klaskamer.